

God of the women who answered your call, afflict  
trusting your promises, giving their all;  
women like Sarah and Hannah and Ruth,  
give us their courage to live in your truth.

God of the women who walked Jesus' way  
giving their resources, learning to pray;  
Mary, Joanna, Susanna and more,  
may we give freely as they did before.

God of the women, long put to the test,  
left out of stories, forgotten, oppressed;  
quietly asking 'who smiled at my birth?'  
in Jesus' dying, you show us our worth.

God of the women who ran from the tomb,  
prayed with the others in that upper room;  
then felt your Spirit on Pentecost day,  
may we so gladly proclaim you today.

O God of Phoebe and ministers all,  
may we be joyful in answering your call;  
give us the strength of your Spirit so near,  
that we may share in your ministry here.  
*(Copyright ©1998 by Carolyn Winfrey Gillette)*

## 'N LITURGIE OM TE BID VIR DIE EINDE AAN GESLAGS-GEBASEERDE GEWELD

---

Liewe susters en broers in Christus

As jou Biskop bied ek hierdie liturgie, saamgestel deur die Biskop se kantoor, as 'n hulpbron wat gebruik kan word om hierdie of enige ander Sondag in September of by 'n spesiale diens buite die Sondag dienste. Die liturgie is ontwerp om alleen te staan of om in die hoof Sondag diens geïnkorporeer te word. As jy 'n losstaande diens kies, is jy vry om Skriflesings en toepaslike liedere by te voeg. Die liturgie word tans vertaal in Xhosa en Afrikaans en in die nuwe week sal dit aan elke gemeente gestuur word. Ek maak ook 'n dringende pleidooi dat die kwessie van geslag-gebaseerde geweld deel van die Kerk raad agenda sal wees en met die uiterste erns bespreek word, in die hoop dat elke gemeente sal opkom met 'n stel planne, besluite en strategieë om hierdie verwoestende plaag wat ons gemeenskappe bedroef, sal teenwerk.

---

### AANROEPING

L: Kom vroue en meisies! Kom mans en seuns! Kom ons verkondig dat

**G: ons is gemaak in die pragtige beeld van God!**

L: Kom vroue en meisies! Kom mans en seuns! Kom ons verkondig dat

**G: ons is geskep is as gelyke wesens met onveranderde regte!**

L: Kom vroue en meisies! Kom mans en seuns! Kom ons verkondig dat

**G: Ons het waardigheid, eiewaarde en skoonheid.**

Vriende, ons ontmoet om ondersteuning te bied, te bid en voor God te bring, ons bekommernisse vir die daaglikse voortgesette geweld, mishandeling en disrespek teenoor vroue en jong meisies in ons gemeenskappe en oor die hele wêreld.

Ons ontmoet in die naam van die Here Jesus, wat ons leer dat vroue gelyke waarde het; dat vroue 'n God-gegewe reg het om met respek en waardigheid behandel te word.

Ons ontmoet om mans en seuns aan te moedig om geweld te laat vaar – geweld teen ander mense, geweld teen vroue, geweld teen kinders. Ons ontmoet om te besin oor die Heilige skrif en om veral te bid vir vroue en meisies wat voortdurend die "slaan sakke" vir manlike aggressie en mishandeling van watter soort ook al is. Ons ontmoet in die naam van die Here Jesus Christus, om mans wie verantwoordelik is vir sulke wrede dade van mishandeling en geweld, te herinner "nie in my naam nie!" en om hulle aan te moedig om na ware bekering te kom en om te wandel in die weg van vergifnis, vrede en respek. Susters en broers, die Here is hier en mag God se gees op ons rus en met ons bly.

**'n Gesang mag gesing word.** (Voorstel): “ “Make me a channel of your peace...”

**'n Skriflesing van Galasiërs 2:26-29** (*probeer om die is skriflesing van 'n bybel te lees wat inklusief is*). (Ander voorstelle vir die skriflesings: *Lukas 1:46-55 / Rigters 19:22-26 of enige gepaste skriflesing.*)

## **DIE GEBEDE & DEEL VAN DIE LIG**

*[Lig 'n kers soos elke voorneme aan die Here aangebied word]*

Vir vroue oral wie slagoffers van mishandeling, verkragting, geweld, disrespek is. Vir vroue wie ontvoer, in slawerny verkoop, mensehandel, wie se regte vertrap en wie se stemmes stilgemaak word. Kom ons bid tot die Here ...

**Here, hoor ons gebed**

Vir vroue wat verskeie werke het, wie se lone nie gelyk is aan mans in dieselfde sektor nie, wat geleenthede ontken word as gevolg van hul geslag, wie se liggame as pryse vir benedeelde geëis word en maklike teikens vir intieme vriende is.

Kom ons bid tot die Here ...

**Here, hoor ons gebed**

Vir jong meisie-kinders en vroue-studente wat met vrees elke dag leef terwyl hulle na en van skool en tersiêre instellings loop. Vader, help ons om veilige plekke, veilige gemeenskappe en 'n gees van egte sorg te skep vir vroue wat misdade wat teen hulle rapporteer het.

Kom ons bid tot die Here ...

**Here, hoor ons gebed**

Vir mans en seuns, sodat hulle mag kom om die sonde van hul optrede te verstaan, vir ons kriminele regstelsel om ernstig die verslae van mishandeling teen vroue te neem, en vir almal wat verligting, berading en hulp bied vir vroue wat getraumatiseerd is.

Kom ons bid tot die Here ...

**Here, hoor ons gebed**

Vir vroue wat gesterf het by die hande van mans, vir die kinders en families wat hulle agter gelaat het wie hulle heengaan treur. Mag hulle veilig in die vrede van Christus se liefde rus.

Kom ons bid tot die Here ...

**Here hoor ons gebed**

Nou laat ons almal ons gebed in stilte voor God bring, Wie volle begrip van die menslike stryd en menslike toestand het, en laat ons verkondig dat in Christus is daar nie 'n Jood, nie-Joodse, nóg slaaf of vry, nóg manlike of vroulike, maar almal een gelyke mense is wie drink die put van God se ewige liefde.

Kom ons bid tot die Here ...

**Here, hoor ons gebed**

*(Na al die gebede, bid dan...)*

## **Die Onse Vader**

## **Seengroet en Gesang**

Gaan uit in die wêreld in vrede  
streef oral na geregtigheid  
behandel almal met sagtheid en respek  
beskerm die swakke  
genees die sieke  
troos die sterwende  
en bou gemeenskappe van vertroue en vriendskap.  
En die seëning van God Almagtig-Heilige Skepper,  
Heilige Verlosser en Heilige Volhouer met u nou en altyd wees. **Amen**

*(“n Gesang mag gesing word (voorstel) “Tell out my soul” / God of the women”. Die woorde is op die wyse van ‘Be thou my vision ... ‘*